

## SELFOONBELEID

### KLASTYD

Dit het vir ons as skool 'n noodsaaklikheid geword om 'n Selfoonbeleid daar te stel. Ons besef dat selfone noodsaaklik vir ouers en leerders is, maar dat daar riglyne moet wees ten opsigte van die gebruik daarvan tydens skoolure.

Die volgende punte is van belang.

- Geen selfone, MP3 Players of iPods met/sonder oorfone mag gedurende klastyd gebruik word nie.
- Alle selfone moet op "silent" wees gedurende klastyd, of afgeskakel word.
- Geen leerder mag 'n oproep of 'n sms by die skool neem of maak nie.
- Geen boodskappe mag oor en weer by die skool tussen maats en mede-leerders gestuur word nie.
- Selfone mag nie sigbaar wees nie.** Indien 'n leerling by die skool met sy/haar selfoon besig is, sal die selfoon ingeneem word en na die hoof geneem word. Dit sal in 'n register opgeteken word. Die leerder moet self die foon by die hoof gaan haal. Die selfoon sal gekonfiskeer word. Ouers sal in kennis gestel word.
- Geen leerling mag sy/haar ouers self bel as hulle siek is nie. Die ouers word uit die kantoor geskakel en leerders word by die kantoor afgehaal.
- Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone wat verlore raak nie.
- Met die voorkoms van swak taal en pornografie sal die selfoon dadelik ingeneem word en ouers onmiddellik in kennis gestel word. Ouers word gevra om te kyk na sms'e en ander materiaal wat ook van die internet afgelaai word. Dit word as 'n ernstige oortreding gesien.
- Geen foto's of video's van ander leerders of van personeel, mag geneem word nie. Dit word ook as 'n ernstige oortreding gesien en kan lei tot 'n dissiplinêre verhoor.

### KAMPE EN TOERE

- Geen selfone word saamgeneem nie.
- Elke personeellid het 'n selfoon sowel as 'n vrywaringsbrief met elke leerder se besonderhede. Indien daar 'n probleem is sal ouers dadelik in kennis gestel word.
- Dié bogenoemde reëlings is ook ingestel om die veiligheid van selfone te verseker.

### VEILIGHEID

Leerders wat huistoe stap of met 'n fiets ry, moet bedag wees op selfoonrowers - hou selfone buite sig.

### SENARIOS

- Onderwyser is besig met lesaanbieding. 'n Selfoon lui. Leerder staan op, stap uit en gesels op die selfoon met 'n ouer. Glo u dit?
- Onderwyser is besig met lesaanbieding. 'n Selfoon lui. Leerder lees sms en sê hy moet gou sy kleres by sy ma by die hek gaan haal. Die klas is ontwrig en die les is daarmee heen! Kan dit waar wees?
- 'n Leerder voel dat hy te na gekom is deur 'n ander leerder of 'n onderwyser. Sms net daar en dan sy ma in klastyd. Die ma bel dadelik terug en eis om met die juffrou te praat - in die lesperiode, terwyl 34 leerders die reg ontnem word van onderrigtyd!

Ja! Dit gebeur regtig!